# Die status van 'n gemeentevergadering (a)

I

Van verskillende kante word aan ons vrae gestel omtrent die regte en pligte van gemeentevergaderings volgens ons Gereformeerde beginsels van kerkregering. In ons vorige uitgawe het ook 'n verslag verskyn van 'n gemeentelike samekoms te Aliwal-Noord, waar ds. G. Kruger 'n voordrag oor dieselfde onderwerp gehou het. Die kwessie het blykbaar in meer as een opsig aktueel geword. Vandaar dat ons nou enkele artikels daaraan gaan wy.

Voorop moet gaan 'n kort uiteensetting van die *betekenis* en die daaraan verbonde *regte* van die gemeentelede as sodanig. Ons volg hier die voetspoor deur Calvyn reeds by sy eerste optrede vir ons voorgeteken en waarvan hy later nooit noemenswaardig afgewyk het nie.

Volgens Gods Woord is die kerk die gesamentlike getal van die uitverkorenes. Dit het Calvyn gou ingesien. Vandaar dat die Kategismus van Genève die kerk soos volg omskrywe: „Dit is die liggaam en die vergadering van gelowiges wat God tot die ewige lewe uitverkies het." In ooreenstemming daarmee word in art. 27 van ons Belydenis verklaar dat die kerk „'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo".

Wat is nou in verband met ons doel die belang van hierdie omskrywings?

*Ten eerste* blyk dit vir ons dat die kerk *onsigbaar* is. As sodanig omvat dit die gesamentlike getal van die *uitverkorenes* en is dit voorwerp van geloof en nie van aanskouing nie.

*Ten tweede* is die kerk *sigbaar*, want dit is 'n *vergadering* van *gelowiges* wat deur belydenis en wandel homself van die wêreld onderskei.

Ook in die tweede opsig moet dit as *kerk van Christus* aangemerk word, ook al is daar nog kaf met die koring deurmekaar. Die kerk is en bly 'n vergadering van ware Christusgelowiges.

In die tweede opsig wyk Calvyn bepaaldelik van die Roomse opvatting af. Rome tog meen (1) dat die kerk gekonsentreerd (saamgevat) is in die pous en die biskoppe en (2) dat die kerk een is met die koninkryk van God: die onderskeiding van sigbare en onsigbare kerk val dus by Rome weg.

Die Lutheraan gaan weer tot 'n ander uiterste. Volgens hom is die kerk na sy uitwendige kant van die koninkryk van God *onderskeie*, so selfs dat dit uitwendig opgevat „*'n stuk wêreld*" is.

In een opsig stem die Roomse en die Lutheraan egter saam, naam-

lik dat die lede van die gemeente vir die inrigting en regering van die kerk weinig of niks beteken nie, ja, selfs vir sy wese nie eens onmisbaar is nie.

Calvyn verwerp op grond van Gods Woord die *vereenselwiging* van die onsigbare en sigbare kerk (soos die Lutheraan dit opvat). Volgens Calvyn moet ook die sigbare kerk as kerk van Christus aangemerk word, en dit is by hom *juis die gemeentelede wat saam die kerk uitmaak.*

So het Calvyn dit bely, en daarin het die Gereformeerde kerke hom nog steeds gevolg.

Hier moet egter vir misverstand gewaarsku word. As Calvyn vasstel dat die kerk deur die gemeentelede gevorm word, dan moet dit nie so opgevat word dat die kerk sy *oorsprong* uit die lede het nie. As dit die geval is, dan sou die kerk gelyk staan met allerlei verenigings of genootskappe wat uit vrye wil van die mens onder mense opgerig word.

Hierdie laaste (verkeerde) opvatting is selfs aan Calvyn toegeskrywe, omdat hy opgekom het vir die vryheid van die gewete teenoor die instellinge en dwang van mense. Calvyn word selfs gebrandmerk as die geestelike vader van die revolusie en van die sogenaamde kollegiale sisteem van kerkreg, waarby eenvoudig die stem van die meerderheid, *sonder meer*, beslissend is.

Diegene wat Calvyn sulke gevoelens toedig, vergeet egter dat by hom vryheid van gewete beteken 'n los-wees van *menslike* bande maar *nie* 'n los-wees van *God* nie.

Calvyn se uitgangspunt is nie die reg van die mens nie maar die reg *wat God op hom het.* Alleen waar dit erken word, is daar ware Christelike vryheid ook teenoor mekaar.

Op kerkvorming toegepas wil die beginsel sê dat die kerk sy fondament en sy oorsprong in *God* het en nie in die gemeentelede self nie. Die kerk is vrug van die *uitverkiesing van God;* dit is 'n *skepping van God* en nie 'n produk van die menslike wil of werk nie.

Dit is die kerk nie alleen na sy onsigbare kant nie maar ook in sy *sigbare* bestaan; natuurlik vir soveel dit ingerig word na die verordeninge wat God vir sy sigbare bestaan voorgeskryf het. Ook by sy *uitwendige* totstandkoming mag geen willekeur heers nie maar alleen die wil van God.

By 'n gebou is dit die boumeester wat die hout en steen uitkies en dit tot een geheel saamvoeg. Nouwel, so is die Kerk *God* se gebou.

Daarom het Calvyn geleer dat dit in die kerk nie mag toegaan soos in 'n vereniging wat deur mense (of hulle meerderheid) bestuur word



nie. Dit sou aan die gemeentelede regte gee wat hulle glad nie toekom nie.

Op grond van die Skrif (kyk brief aan die Efesiërs en Kolossense) het die Geneefse hervormer beweer dat die kerk nie 'n byeenvoeging van 'n hoop los mense is nie. Nee, dit is 'n *liggaam*, waarvan Christus die Hoof is. Dit is, nader omskryf, nie 'n republiek nie maar 'n koninkryk, waaroor Christus alleen Koning is.

Die gedagte van Christus se koningskap oor sy gemeente beheers as hoofbeginsel die ganse Gereformeerde kerkreg.

*Rome* het in die sigbare kerk die pous as plaasvervanger van Christus gestel; terwyl die *Lutherse opvatting* Christus se koningskap so vergeestelik het dat die sigbare kerkverband eintlik daar niks mee te doen het nie.

Maar die voorstelling van Calvyn (en later van alle Gereformeerde kerke) is dat Christus ook Hoof is van die gemeente soos dit op aarde tot stand kom (nie alleen van die onsigbare kerk nie). As sodanig het Christus vir die kerk ordinansies ingestel wat dit as sy grondwet moet eerbiedig. Die koninklike mag deel Hy met niemand nie. Aan mense gee Hy geen mag om oor sy kudde te heers nie; inteendeel, Hy het *almal aan die Woord van God onderwerp.*

Dat Christus wel deeglik mense as instrumente gebruik, sal ons later sien. Nou moet egter eers vasstaan dat die gemeentelede nooit onafhanklik van Christus gedink moet word nie. Wat by die inrigting van die kerklike lewe voorop moet staan, is dat nie die wil of sin van die lede die deurslag gee nie, maar wat deur Gods Woord gevorder word of met wettige gevolgtrekking homself daaruit laat aflei. Op die gemeentelike erf geld sonder enige beperking die spreuk: „Waar die woord van die Koning is, daar is heerskappy."

Bostaande beginsels het natuurlik op die praktyk van die kerklike lewe sterk ingewerk.

Dit is nie toevallig nie maar vloei voort uit hulle beginsel dat die gemeentelede by Roomse en Lutherse heeltemal op die agtergrond geraak het.

Volgens Rome en die Lutheraan is die plaaslike gemeente niks anders nie as „Anstalt", 'n inrigting, wat geroepe is deels om die mense tot geloof te bring en deels om hulle verder in geestelike opsig te versorg en te lei. Die gemeente is *voorwerp* van die geestelike werksaamheid van pastoor of priester. Dit is nooit *onderwerp* nie, dit wil sê, dit *tree nie self op nie.* Die roeping van gemeentelede kan volgens hierdie stelsel saamgevat word in die een woord: „gehoorsaamheid".

Selfs gaan die kerk as inrigting aan die gemeentelede vooraf. Die kerk is daar voordat die lede daar is en nadat hulle reeds verdwyn het. Priester en pastoor hoort dan ook nie tot die plaaslike kerk nie.

Op grond van 1 Kor. 3 en ander plekke het Calvyn daarenteen volgehou dat die gemeentelede ook *onderwerp* is van kerklike werksaamheid. Dit wil sê: *hulle doen ook iets.* Met betrekking tot die kerkdienaars is die gemeente *voorwerp* van hulle werksaamheid; maar tegelykertyd is hulle ook daarvan die onderwerp (die bewerkers) in sover die werksaamheid middellik uitgaan van die gemeente in sy geheel en altyd onder sy kontrole (toesig) staan.

Hoe dit in die praktyk en in besondere sin verstaan moet word, sal ons volgende keer sien.

*Het Kerkblad*, 1 Julie 1918.

## 2

*Die Independente.* Soos ons laas gesien het, soek Calvyn die betekenis van die gemeentelede juis daarin *dat hulle die kerk of gemeente uitmaak.* Dit is dan ook die leer van Gods woord. Die ganse gemeente is 'n koninklike priesterdom (kyk 1 Petr. 2:5-10 en ander plekke), en die onderskeiding tussen „*geestelikes*" of priesters aan die een kant en „*leke*" of gewone lidmate aan die ander kant – die onderskeiding is Rooms en in stryd met die duidelikste uitsprake van Christus en die apostels.

Vanself het Calvyn daarom in stryd geraak met die Roomse opvatting, wat toe oppermagtig was. Van die priesterheerskappy sê ons Hervormer: „Indien ons Christus onder ons laat regeer dan word daardie soort heerskappy maklik versteur en omvergewerp."

Maar dis nie nodig om hier langer by stil te staan nie. 'n Ander uiterste wat ook deur Calvyn bestry word, vra nou ons aandag. Ons bedoel die *Independentisme*, 'n kerklike rigting wat later in Engeland vermaard geword het.

As Calvyn oordeel dat die Roomse priesterheerskappy deur „die vergadering van gelowiges" vervang moet word, dan wil hy daarmee nie sê dat *alle* kerklike mag aan die vergadering en daaraan alleen toekom nie. Dit is juis die sisteem van die Independente, wat ons nou kortliks moet omskrywe.

Die Independente gaan uit van *groepe* van gelowiges, wat kongregasies genoem word en wat as groepe absolute selfstandigheid (outonomie) besit. Van kerkverband, van algemene vergaderings en sino-



des kan by hulle geen sprake wees nie. Hulle sê: „Dis weer net 'n tweede pouslike heerskappy."

Ja, selfs in die groepe of gemeentes bestaan by hulle *geen besturende of kerkraadsgesag nie.* Die gesag berus by die gemeente self. Daarom moet dit (die gemeente) self oor *alles* oordeel en moet dit in *alle* sake by stemming beslis. Die kerkraad voer net die wil *van die gemeente* uit maar *regeer* dit nie. Die beslissing van die gemeentevergadering gaan dan ook by die Independente oor alles: erediens, belydenis en tug.

Aan so 'n stelsel kon Calvyn sy goedkeuring nie heg nie. Hy het gou gevoel dat dit lei tot 'n soort *volksoewereiniteit* in die kerk, wat weer (op 'n ander manier) aan menslike insettings die oorhand gee.

Volgens Gods Woord (kyk Matt. 18:17 e.a. plekke) het Calvyn geleer dat die kerklike mag wat in Christus se naam uitgeoefen word, *by die kerk self berus*, dit is by die gelowiges wat die kerk uitmaak.

Maar die mag word nie deur *almal saam* uitgeoefen nie, want Christus het daarvoor bepaald kerklike dienste of ampte ingestel: dié moet in sy naam en volgens sy opdrag die werk doen.

Dit gaan dus ongeveer soos in ons liggaam. Daarin is sekere vermoëns gelê, byvoorbeeld om te kan hoor en te kan sien. Maar nou is die *ganse* liggaam nie oor of oog nie. Daar is bepaalde organe om te hoor en te sien. Aan dié organe moet die hele liggaam hom onderwerp (om so te spreek), anders kom daar tweedrag in die liggaam.

So het Calvyn gekom tot die instelling van 'n kerkraad, wat die gemeente moet regeer. Die gemeentelede moet hulle daaraan onderwerp en gehoorsaam wees. Nie ter wille van die *persone* van die kerkdienaars nie maar omdat *Christus se woord* deur hulle bedien en sy wil deur hulle uitgevoer word.

Die kerk is dus 'n koninkryk en wel in die mees absolute sin van die woord. Daarin geld alleen sekere Skriftuurlike grondreëls wat nie verander mag word nie, terwyl Christus alleen die Koning is. Wie daardie koninklike gesag nie erken en homself aan Gods Woord nie gebonde ag nie, hoort in die kerk nie tuis nie.

Wel regeer die kerkraad; en dit geskied onder toesig en met medewerking van die gemeente (soos ons later sal sien); maar die gesag, sowel van die kerkraad in sy regering as van gemeentelede in hulle medewerking, moet ooreenkomstig Gods Woord uitgeoefen word.

Ons het dus nou gekom tot die kwessie van *gesag* in die gemeente – 'n punt wat gewoonlik nie helder ingedink word nie. Vandaar dat ons nou nog enkele woorde daaraan gaan wy.

Daar is gesag in die gemeente, anders kan dit eenvoudig nie bestaan

nie. Net so min as wat 'n huisgesin kan bestaan as die vaderlike en moederlike gesag ontbreek.

Die kerklike gesag is van Christus en van Hom alleen afkomstig. „Een is julle Meester," het Christus gesê. (Kyk ook Matt. 28:18.)

Nou is dit duidelik dat Christus die gesag nie *regstreeks* uitoefen nie. Hy is in die hemel, en ons is op die aarde. Om sy koninklike heerskappy te laat geld, gebruik Hy mense, dit is sy *dienaars*. Hulle is sy *instrumente*: onwaardig en kragteloos in hulleself maar met gesag beklee wanneer hulle optree in die Naam van Christus.

Dit is nodig om hierop nadruk te lê, want so lig ontstaan die gedagte dat die kerkdienaars hulle gesag aan die *gemeentelede* ontleen en daarom aan die gemeente in alles onderworpe is. Veral kan hiertoe aanleiding gee die feit dat kerkdienaars onder ons deur medewerking van die gemeente of ook wel deur heeltemal vrye stemming gekies word.

Maar elkeen voel dat die onderwerping van die kerkdienaars aan die gemeente 'n omverwerping van die kerklike amp en gesag sou wees.

Nee, Christus gebruik wel die gemeente om sy dienaars *aan te wys*, maar dit wil nie sê dat die dienaars se gesag van die gemeente afdaal nie.

Om 'n paar voorbeelde tot opheldering te gebruik. God gebruik die volk se stem om 'n owerheidspersoon aan te wys. Maar daaruit volg nog nie dat die owerheidspersoon sy regeergesag aan die volk ontleen nie. Die owerheidspersoon moet byvoorbeeld volgens sy amp ook die doodstraf uitoefen. Maar waar kry hy nou die reg vandaan om iemand dood te maak? Nie uit die volk wat hom gekies het nie, want as A, B en C *afsonderlik* nie die mag het om iemand dood te maak nie, dan kom die mag aan A, B en C *gesamentlik* ook nie toe nie. Met ander woorde die owerheidspersoon kry sy mag oor lewe en dood van *God*, wat as Skepper oor alles absoluut die beskikking het en wat gesê het: „Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens (die owerheidspersoon) vergiet word." Vandaar dat ons vaders geleer het dat Gen. 9 niks minder bevat as die instelling van die owerheid nie. Want as somaar elkeen as bloedwreker kan optree, kry jy 'n moordparty op groot skaal. Die middel is dan erger as die kwaal.

'n Ander voorbeeld.

God gebruik die landman [boer] om 'n stuk grond skoon te maak, af te kamp, om te ploeg, te besaai, te bewater, op te pas, ens. God gebruik hom verder om te oes, te dors, die koring meul toe te ry en eindelik om dit weg te pak. God gebruik verder sy vrou om die meel



te sif, te knie, te bak, die brood te sny en op die tafel te bring. Sal die landman nou sê, as hy aan die tafel gaan sit: „Daardie brood is heeltemal *van my afkomstig*; ek hoef daar niemand voor te dank nie?"

Nee, as hy in God glo, sal hy sê: „Die brood het my toegekom onder die guns van God; dit is sy gawe; sonder sy aarde, sy sonskyn en sy reën sou al my arbeid tevergeefs gewees het; die mag om brood te maak kom nie aan my toe nie."

So gaan dit ook in die gemeente. Christus gebruik die gemeentelede as middele om sy dienaars *aan te wys*. Maar daarom mag hulle nie tot dié gevolgtrekking kom nie: „Ons het die dienaars geformeer en geroep."

Dit is 'n belangrike punt, waar ons goed op moet let. Want daar heers teenswoordig 'n gees op aarde wat die gesag van God ontken; ontken in die staat, in die maatskappy, in die huisgesin, in die wetenskap en in die kuns – ja, in alles. En dié gees sal ook in die kerk indring as ons nie oppas nie.

*Het Kerkblad*, 15 Julie 1918.

## 3

Soos ons in die vorige artikels gesien het, moet ons vir twee uiterstes oppas. Eenkant stuit ons teen die Roomse dwaling, wat die gemeentelede as „leke" beskou en met hulle in kerklike bestuursake glad nie reken nie. Anderkant bots ons weer teen die Independentistiese dwaling, wat weer alle moontlike regte aan die gemeentelede toeken en die kerkraad tot 'n blote instrument van die volkswil verlaag.

Tussen die twee in staan die Gereformeerde kerkreg, wat wel deeglik aan die gemeentelede magte en regte toeken maar wat meteen sorg dat daar geen botsing tussen gemeentelede en kerkraad kom nie.

Dit is nou die twee punte wat ons verder moet ontwikkel.

As ons Gods Woord raadpleeg, dan staan dit ontwyfelbaar vas dat daar magte en regte is wat onvervreemdbaar aan gemeentelede toekom. Laat ons 'n paar tekste uit die Nuwe Testament naslaan – 'n taak wat vir ons maklik gemaak word deurdat Voetius in sy [*Politica Ecclesiastica*] (I, p. 119 en 120) die belangrikste tekste byeengesamel en bespreek het.

Die kerklike mag verdeel Voetius in drie: (1) die leerbepalende, (2) die wetgewende en (3) die regsprekende. Onder die drie hoofde groepeer hy dan die tekste. Ons sal ons egter nie streng aan die verdeling hou nie maar net meedeel wat hy in hoofsaak beskou as die magte van gemeentelede volgens die Nuwe Testament.

Gods Woord leer ons dat die Christusgelowiges profete en priesters is en dat hulle daarom moet bid, profeteer, leer en vermaan, elkeen na die mate van die gawe wat hy ontvang het. So skryf Paulus aan die Romeine dat hy verseker is dat hulle vervuld is met alle kennis en in staat is om mekaar te vermaan (Rom. 15:14). Dieselfde lees ons in 1 Kor. 11:4, 5 en 1 Thess. 5:11, 14. In die laaste vers sê Paulus aan die gemeente: „Broeders, vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes, wees lankmoedig teenoor almal."

Hierby bly dit nie.

In Hand. 15 sien ons dat die gemeentelede ook in 'n ander opsig deel het aan leerwerksaamheid.

As daar geskil ontstaan in die eerste Christelike kerk omtrent sekere punte, dan word die geskil in teenwoordigheid van die gemeentelede uitgemaak, en hulle goedkeuring word daaraan geheg, al is dit (soos Voetius opmerk) dat hulle nie die voortou vat nie maar alleen hulle goedkeuring laat volg op wat die apostels besluit. In Hand. 15:22 en 23 lees ons: „Toe het die apostels en die ouderlinge *saam met die hele gemeente* besluit om manne uit hulle te kies . . ., en hulle het deur bemiddeling van hulle dit geskrywe . . ." Dan volg die brief waarin gemeld word van watter dinge die Christene uit die heidene hulle moet onthou.

Ons sien dus dat die gewigtige aangeleentheid nie buite die gemeente om beslis word nie.

Ons vind ook dat die gemeente ag gegee het selfs op die leer van die apostels. In Hand. 11:2 staan dat, nadat Petrus die evangelie aan die heidene gebring het (Cornelius en sy huis), diegene wat uit die besnydenis was, met hom getwis het. Nadat Petrus die saak verklaar het, word gemeld: „En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik" (vs. 18). Daar was dus 'n lewendige belangstelling in sake wat die leer en belydenis betref het.

In Kol. 4:17 skryf Paulus selfs aan die gemeente: „En sê vir Archippus: Gee ag op die bediening wat jy ontvang het in die Here, dat jy dit vervul." Die dienaars was daarvoor dus toe nie te hoog nie.

Ons sien verder dat aan die gemeentelede mededelings gedoen word van wat in ander gemeentes aangaan.

Toe Paulus en Barnabas in Antiochië teruggekom het, het hulle die gemeente saamgeroep en aan hulle meegedeel watter groot dinge God gedoen en dat Hy vir die Heidene 'n deur van die geloof geopen het (Hand. 14:27). (Kyk ook Hand. 15:3 en Kol. 4:27.)

Die sendelingsarbeid word dus ewe min aan die deelgenootskap



van die gemeentelede onttrek. Geen wonder nie, want by die afvaardiging van Paulus en Barnabas was hulle nie uitgesluit nie (Hand. 13:1-3).

Maar ook vir ander doeleindes het die gemeentes hulle afgevaardigdes gehad. Om die kollekte vir Jerusalem se verarmde gemeente oor te dra word 'n broeder verkies wat saam met Paulus moes reis (2 Kor. 8:19). Om die geskil in Antiochië op te los word Paulus en Barnabas deur die gemeente afgevaardig om na Jerusalem te reis (Hand. 15:2).

En so is daar meer voorbeelde (vgl. Filipp. 2:25).

Maar die gemeentelede neem ook meer bepaald deel aan dade van kerkregering. In Hand. 1:15, 26; 6:3, 5, 6 en 14:25 word hulle geroep om ampsdraers te verkies. Hoe dit presies toegegaan het en watter aandeel die lidmate daaraan geneem het, hoef ons hier nie nader te ondersoek nie. Dit is genoeg om die feit te konstateer. Wie meer daaromtrent wil weet, verwys ons na ons boekie oor *Die amp van ouderlinge en diakens*.

Voetius meen ook dat in die ou kerk die gemeentelede ook nie uitgesluit was insake die toelating tot of uitsluiting van die lidmaatskap nie. Met reg beroep hy hom op tekste soos Hand. 10:47; 9:26, 27. In Hand. 9 word gemeld hoe die gemeente te Jerusalem nie somaar dadelik klaar was om Paulus as medegelowige te erken nie. En in Hand. 10 vra Petrus aan sy mede-Jode (in die huis van Cornelius): „Niemand kan tog die water weer nie?" naamlik dat Cornelius en sy huisgesin gedoop sou word.

Wat die kerklike tug aangaan, dit word nie alleen privaat nie (Matt. 18:15, 16) maar ook in publieke sin deur gemeente in samewerking met die kerkraad uitgeoefen (Matt. 18:17; 1 Kor. 5:4, 12).

Natuurlik was alles toe nog in sy begin. Maar die samewerking van die gemeentelede kan nie ontken word nie. Veral die voorbeeld van Korinthe is duidelik. Paulus wil daar die sondaar oorgee aan die Satan, „as julle vergader het en my gees saam met die krag van onse Here Jesus Christus" (vs. 4).

Later, as dieselfde sondaar berou het, moet die gemeentelede by die weeropneming in die kerk meewerk. Paulus sê dat hulle hom nie weer moet bestraf nie maar liewer moet vergewe en vertroos en die liefde aan hom moet bevestig (2 Kor. 2:7, 8).

Eindelik moet ons nog wys op enkele tekste wat 'n reformatoriese strekking het. In Rom. 16:17 sê Paulus: „En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle." Ongeveer dieselfde lees ons in 2 Thess. 3:6, 14.

Dat dan ook die gemeentelede die reg het om kerkreformasie ter hand te neem, kan nie ontken word nie. Hoe dit in besonderhede moet geskied en hoe ver die kerk eers moet verbaster wees voor dit kan plaasvind – daaroor spreek ons nie. Ons konstateer weer net die feit en verwys verder die leser na Kuyper se *Traktaat van de Reformatie*.

Uit bostaande meen ons is genoegsaam duidelik dat Voetius grond het om van magte en regte van gemeentelede te spreek, en die Gereformeerde Kerk het hom steeds daarin gevolg.

Hoe nou die magte en regte begrens word om nie met die magte en regte van die kerkraad in botsing te kom nie, sal ons 'n volgende keer ondersoek.

In elk geval blyk dit dat alle klerikalisme deur Gods Woord veroordeel word.

*Het Kerkblad*, 2 September 1918.

4

Dit spyt ons dat ons slotartikel oor die status van 'n gemeentevergadering nou pas kan verskyn. Die sinodale verslag het soveel plek weggeneem dat ons nie dadelik met die onderwerp kon voortgaan nie.

In ons eerste artikel is aangetoon dat die gemeente 'n vergadering is van ware gelowiges, met ander woorde die gemeente *bestaan* uit die gelowiges, sodat dit onmoontlik is om met Rome te beweer dat die gemeentelede by die kerkregering maar opsygesit kan word.

Aan die ander kant het ons tweede artikel aangetoon dat daar ampte is wat Christus ingestel het, en dat die gemeentelede geen reg het om oor die ampsdraers heerskappy te voer nie. Teen die dwaling van die Independente word in daardie artikel gewaarsku.

In ons derde stuk is toe aangewys dat die mag van die gemeentelede drieërlei is, naamlik leerbepalend, wetgewend en regsprekend. Aan die hand van Voetius word verskillende tekste uit Gods Woord aangevoer om dit nader te bewys.

In hierdie slotstuk wil ons nou ondersoek wat ons Kerkorde van die saak sê en wat die verhouding is van die straks genoemde mag tot die van die kerkraad.

In ons Kerkorde is geen spesiale artikel oor gemeentevergaderings nie. Tog word die bestaan daarvan veronderstel. Om maar 'n paar punte te noem.

In art. 25 word gesê dat die diakens „verslag moet doen in die kerkraad en ook, as iemand dit verlang, voor die gemeente, op 'n tyd wat die kerkraad daarvoor geskik sal ag".



Nou kan die diakens op 'n sekere plek en tyd die boeke ter insae voorlê sodat die gemeentelede daarvan kennis kan neem. Maar die maklikste is om daarvoor 'n gemeentevergadering te hou. In elk geval word in die artikel rekening gehou met die reg van die gemeente om navraag te doen na die bestuur van hulle armkas.

'n Ander belangrike artikel is die 22ste, waar aan die gemeentelede reg gegee word om uit 'n dubbelgetal van ouderlinge die helfte te kies. Die aangewese wyse om dit te doen is die hou van 'n gemeentevergadering. Dieselfde bepaling geld ook van die diakens (art. 24). Gemeentevergaderings is dan ook in die Gereformeerde Kerke inheems. Dit kan volgens ons beginsel nie anders nie.

'n Ander vraag is: Hoe moet die verhouding wees van die mag van gemeentelede teenoor die van die kerkraad. Daarop is in die Gereformeerde Kerk net een antwoord moontlik, en dit is deur Voetius gegee in sy *Politica Ecclesiastica* (II, bl. 22). Die gemeente het mag maar geen leidende mag nie. Dit kom aan die kerkraad toe. As die gemeentelede die leiding van sake in hande neem, dan loën hulle die ampte wat Christus daartoe ingestel het. Want òf die *kerkraad* het die leiding en dan moet die gemeente volg (dis Skriftuurlik), òf die *gemeente* het die leiding, maar dan is die kerkraad geen kerkraad meer nie (dis Independentisties). Twee bestuursliggame kan daar nie in die gemeente wees nie, net so min as wat twee kapteins op een skip die gesag kan voer. Dit is die beginsel waar dit op aankom. Vandaar dat ons Kerkorde nòg aan die diakensvergadering nòg aan die vergadering van gemeentelede 'n aparte bestuursmag toevertrou het.

Ons meen dat hierdie beginsel na alles wat gesê is, nou genoegsaam verstaan word. Ons sal nog net enkele outoriteite aanhaal om te bevestig wat in die voorgaande deur ons beweer is. Professore Biesterveld en H. H. Kuyper sê in hul inleiding op die *Kerkelijk handboekje*:

„Die gemeentelede het regte en pligte volgens die eie amp van die gelowiges. Die reg en plig van saamvergadering, van belydenis, van roeping tot die besondere amp, of dit nou regstreeks geskied of deur die kerkraad asof hulle die gemeente verteenwoordig. Hulle het die roeping om die arbeid van die ampsdraers te toets aan die Woord van die Here en om gehoorsaamheid te weier as van daardie Woord afgewyk word. Die plaaslike kerk word bestuur *deur die kerkraad. Dit is die enigste besturende mag in die kerk.*"

Prof. Rutgers sê in sy diktaat-Kerkreg dit:

„Hoe moet geoordeel word oor vergaderings van die plaaslike

kerk? By Rome en die Episkopale ens. is so 'n vergadering onmoontlik. In die Independentistiese stelsel is dit *die* vergadering. Daar is volksoewereiniteit in die kerk (die volkswil is baas!). In die Gereformeerde Kerke word die ampte erken as instellinge van Godsweë. Ewenwel is die kerkraad tog alleen in oorleg met die gemeente bevoeg om te handel.

„Samekomste van gemeentelede is dus wel gewens. Die karakter daarvan is egter nie die van 'n besturende mag wat met die kerkraad saamwerk nie.

„In sulke gemeentevergaderings mag dus nooit besluite geneem word wat vir die gemeente bindend is nie. Net so min moet 'n mens hier deur stemming deur die gemeente 'n saak laat uitmaak. Daar moet net oorleg wees en met die gemeente rekening gehou word. Alleen by 'n duidelike uitspraak van die Woord van God mag die gemeente nie swig nie.

„In die vorme moet mens altyd laat uitkom dat hulle geen selfstandige mag het nie. Dus moet daar nie 'n eie voorsitter en skriba gekies word nie maar die voorsitter en skriba van die kerkraad laat optree. Hulle moet nie *besluite* neem nie maar 'n *wens* uitspreek. Die vorme is nooit – veral nie hier – onverskillig nie. Dit moet blyk dat die kerkraad nie opsy geskuif of teen hulle in besluite geneem word nie."

Tot sover prof. Rutgers.

In dieselfde trant spreek ds. I. van Dellen van Amerika in sy verklaring van ons Kerkorde (bl. 42):

„Vergaderings van manslidmate van die plaaslike kerk, sg. gemeentevergaderings, word nie onder die kerklike samekomste genoem nie, omdat sodanige vergaderings nie bestuursmag besit nie. Sulke samekomste kan baie nuttig, nodig en selfs onontbeerlik wees. Die kerkraad mag die gemeente nie oorheers nie en moet rekening hou met dié se mening. Die lede besit in die amp van die gelowige die kerklike bestuursmag.

„Maar net so vas staan dat Christus in die ampte die organe gegee het vir die uitoefening van die bestuursmag en dat die kerkraad daarom die enigste bestuur in die gemeente is. Laat die kerkraad die lidmate in sulke gemeentelike samekomste raadpleeg, maar hy moet sorg dat hy die leiding behou en die eindbeslissing neem."

Hiermee meen ons dat genoeg lig oor die saak versprei is.

Aan die een kant moet die gemeentelede nie as onmondige persone beskou word nie. Met hulle moet deur middel van gemeentevergaderings rekening gehou word. 'n Kerkraad wat net heerskappy wil voer oor die gemeente van Christus, is op die Roomse pad.



Maar aan die ander kant moet die kerkraad besef dat hulle *leiding* moet gee volgens die eise van die Woord van God. Wanneer dít gebeur, moet die gemeente volg.

*Het Kerkblad*, 15 Oktober 1918.

## Die status van die gemeentevergadering (b)

[In antwoord op 'n lang brief van W. Hovy verskyn die volgende.]

Ons waardeer dit dat daar oor kerkregtelike kwessies gedagtes gewissel word. Sodoende word daar belangstelling gewek in ons kerklike lewe. Wat die onderhawige kwessie aangaan, merk ons op:

Dat die gemeente ampsdraers verkies, is geen argument wat bewys dat „'n gemeentevergadering wel sulke beslissende mag het" nie. Ten eerste het die kerkraad ook dan *die leiding*. In ons boekie oor die amp van die ouderlinge en diakens het ons op bl. 29 die verkiesing by nominasie aanbeveel op die volgende gronde: „Die kerkraad word nie 'n slaaf van die gemeente nie, en die gemeente word nie in sy vryheid belemmer en sy reg word nie ingekort nie. Die kerkraad behou die *leidende*, die gemeente die *verkiesende* mag. Die kerkraad moet immers *regeer en lei* en die gemeente *verkies*. Só werk hulle twee met mekaar in harmonie." [VI, 409.]

Ten tweede verkies die gemeente juis omdat hy nie kan regeer nie, soos prof. Biesterveld (deur die broeder aangehaal) so duidelik sê: „Die gemeente kies die ampsdraers nie om heerskappy te voer nie, maar om dit volgens Gods Woord *te regeer*." Maar dan het die gemeente ook nie die reg om self te wil regeer nie! Dit is tog baie duidelik. Twee kapteins op een skip deug nie.

Ook die sinodale advies is volkome duidelik. Ons neem hier 'n gedeelte daarvan oor: „Volgens Geref. Kerkreg is die kerkraad geen hiërargiese (op priesterheerskappy berustende) mag wat beslissing neem geheel buite die gemeente om nie (dis die Roomse sisteem); aan die ander kant is die kerkraad ook nie 'n kollege wat maar net moet registreer en uitvoer wat die gemeente by meerderheid van stemme beslis nie (dis die stelsel van die Independente); maar die kerkraad is, volgens Gereformeerde opvatting, die enigste besturende mag deur Christus in sy gemeente ingestel om dit volgens sy Woord te regeer.

„Uit die bostaande volg dat 'n gemeentevergadering by die Roomse 'n onmoontlikheid is; by die Independente daarenteen is dit die vergadering by uitnemendheid; terwyl by die Gereformeerdes 'n gemeentevergadering is 'n ‚openbare kerkraadsvergadering', waarin

die kerkraad, voordat hy belangrike besluite uitvoer, eers die gemeentelede hoor en met hulle oorleg pleeg. Dit gebeur omdat die gemeentelede nie onmondige kinders is nie maar in die amp van die gelowige staan, wat juis daarin uitkom dat hulle die kerkraadshandelinge kan kontroleer en toets aan Gods Woord en die reg het om besware daarteen in te bring. Vandaar ook die kennisgewings van die kansel af aangaande die beroeping van predikante, die toelating tot die nagmaal, die uitoefening van die tug en soveel meer.

„Die kerkraad is dus in die gemeente die bestuursmag waarby die regering, leiding en eindbeslissing berus; en die gemeentevergadering is nie 'n tweede bestuursmag wat hom as sodanig naas of selfs bokant die kerkraad mag verhef nie. Slegs wanneer die kerkraad dalk 'n besluit neem wat duidelik teen die Woord van God ingaan, kan die gemeente hom daarteen stel en die kerkraad tot verantwoording roep."

*Die Kerkblad*, 1 Augustus 1922.

## Artikel 13 Dordtse Kerkorde

Elders publiseer ons 'n brief van oudl. J. L. Olivier na aanleiding van 'n beskrywingspunt wat deur die Transvaalse Algemene Vergadering na die ev. Sinode verwys is. Waar die geagte broeder in die brief besware lug teen art. 13 van ons Kerkorde en daarin nadruklik beweer dat die artikel „nie die toets van die Heilige Skrif kan staan nie", meen ons dat dit tyd word om die Skriftuurlike karakter en goeie reg van ons Kerkorde op diè punt in die lig te stel en te verdedig.

Art. 13 van die Dordtse Kerkorde lui: „As Dienaars deur ouderdom, siekte of deur ander oorsake onbekwaam word vir die uitoefening van hulle diens, sal hulle tog nog die eer en die naam van 'n Dienaar behou, en deur die Kerk wat hulle gedien het, eervol in hulle nooddruf versorg word (en so ook die weduwees en wese van die Dienaars)."

Dit is die artikel. Die beskrywingspunt van die Kerkraad van Johannesburg wat op die agenda van die Sinode geplaas is en waar die br. na verwys, is van hierdie inhoud: „Die Algemene Vergadering beraam 'n plan om die tans bestaande E.P.P.W. en W. Fonds te verander in 'n fonds waaraan alle lidmate kan deelneem."

Nou laat ons die beskrywingspunt buite bespreking, want (1) dit kom op die Sinode ter sprake, en ons wil nie vooruitloop nie; (2) die strekking daarvan is vir ons nie heeltemal duidelik nie. Ons doel is



meer om art. 13 te verduidelik, sowel histories as prinsipieel – dan sal wel duidelik blyk dat ons vaders nie onskriftuurlike dinge in hulle Kerkorde geskryf het nie.

Wat die *karakter* van die pensioenering van emeritus [afgetrede] predikante aangaan, het al die ou sinodes (ook die voor-Dordtse) dit duidelik uitgespreek dat die toelae geen gawe van barmhartigheid is nie maar 'n *verskuldigde loon*. Met ander woorde ons moet die versorging van emeritus predikante en van hulle weduwees nie op een lyn met armversorging stel nie. In die geval van emeritus predikante het ons te doen met 'n verskuldigde loon wat regtens uitbetaal word, terwyl ons by die armversorging moet dink aan 'n „Christelike handreiking" wat uit *barmhartigheid* geskied – twee heeltemal aparte sake dus, wat egter dikwels (en nou weer in die bewuste brief) met mekaar verwar word.

Laat ons nou eers hoor wat die ou sinodes sê.

Die Sinode van Dordrecht 1578 het hom aldus uitgespreek: „En . . . as hulle (die predikante) onbekwaam word, moet hulle deur die Kerke versorg word." Hieruit is duidelik dat dit die plig is van die kerk om te sorg vir die onderhoud van dienaars wat weens ouderdom of swakheid moet aftree.

Die Sinode van Middelburg (1581) is nog duideliker: „Dit sal dan die plig van die gemeente wees om te sorg dat aan hom (die aftredende predikant) *ex bonis publicis* soveel toegeken word dat hy die res van sy lewe eerbaar en goed kan deurkom." In die Latynse lesing van hierdie artikel is die betekenis heeltemal duidelik: „Dit is die taak of plig van die gemeente om te sorg *(ecclesiae officium est procurare)*." Op die uitdrukking *ex bonis publicis* kom ons netnou terug.

Ook die Sinode van 's-Gravenhage (1586) spreek dieselfde taal: „En so moet hulle deur daardie Kerk wat hulle gedien het, eerbaar in hulle nooddruf (soos ook die weduwees en wese van die Dienare in die algemeen) versorg word." Dis die bepaling wat die Sinode van Dordrecht in 1619 oorgeneem het en wat nou nog in die Gereformeerde Kerke van Nederland, Noord-Amerika en Suid-Afrika geldig is.

Vandaar dat die teenswoordige Gereformeerde kerke in Nederland op die Sinode van Dordrecht (1893, art. 179) die volgende besluit geneem het: „Die versorging van die emeritus predikante en van predikantsweduwees en -wese, wat gegrond is in die eis van die Woord van God en voorgeskryf is deur art. 13 D.K.O., is *nie* 'n saak van barmhartigheid nie maar die *reg* van die genoemde persone en die plig van die betrokke kerke."